

ADJEKTIEWE VERANDERING

Adjektief in die ATTRIBUTIEWE posisie → as deel van die onderwerp.

S v1 M
a) Die seun / is / stout. [In 'n gewone sin is die adjektief in die **MANNER** posisie.]

Die seun is stout.
↑
[Met hierdie reël verander die adjektief posisie van die **MANNER** na die **SUBJECT**.]

Antw: Die stoute seun [Die adjektief word nou deel van die **SUBJECT** en beskryf die seun direk.]

Nou wonder jy seker hoekom die adjektief vorm verander het? As die adjektief **VOOR** die noun staan moet hy verander.

MAAR HOE VERANDER HY?

Kom ons kyk:

Hier is 'n kortpad om die adjektief vanaf die MANNER posisie na die SUBJECT posisie:

Baie keer volg dit die patroon van die 2de trap van Trappe van vergelyking (), maar sonder die "r".

Kom ons kyk weer na sin A:

Die seun is **stout**.

Trappe van vergelyking: stout; stouter; stoutste
Adjektief: Die stoute seun.

Kom ons maak dit nog makliker:

Dink terug aan die Meervoud-huisies met die rower.

Let's recap:

Groep 1 waar jy net die polisie bel.

Groep 2 waar die een sussie weg hardloop.

Groep 3 waar die bure saam met die polisie opdaag.

Met adjektiewe werk dit amper dieselfde, behalwe dat groep 1 nie voorkom soos jy dit ken nie. Met adjektiewe kyk ons na twee groepe: Tweelingvokale en Enkelvokale saam met Dubbelkonsonante.

Kom ons kyk na die volgende:

b) Die man is wreed. [Daar is 'n dubbelvokaal, onthou dat een sussie weghol.]

[] wreed wreder wreedste

Die wrede man.

c) Die seep is glad. [Daar is 'n enkelvokaal, laat die bure kom met die polisie]

[] glad gladder gladste

Die gladde seep.

d) Die stoel is hard. [Daar is 'n enkelvokaal, so jy moet die konsonant verdubbel,

[] hard harder hardste

Die harde stoel.]

Dit wys jou net, as jy MEERVOUDE en TRAPPE VAN VERGELYKING ken...kan jy adjektiewe verander.



Nou wonder jy seker hoe dit in die eksamen gevra sal word, né?
So sal dit in die eksamen gevra word:

- Sin B: Die (wreed) man
Sin C: Die (glad) seep
Sin D: Die (hard)stoel

Sien julle nou hoe belangrik dit is om jou Meervoude reëls te ken? Nog meervoude reëls word toegepas by die verandering van adjektiewe.

Wat gebeur as woorde met 'n "f" eindig? Onthou jy die volgende?

Roof → groep 2: Tweeling vokale → rowe
Skof → groep 3: Enkelvokale → skowwe

Met adjektiewe werk dit dieselfde:

- e) Die kamer is muf. [Dit is 'n groep 3 vokaal en eindig op 'n 'f']
[] muf muwer mufste
Die muwwe kamer.
- f) Die man is doof. [Dit is 'n groep 2 vokaal en eindig op 'n 'f']
[] doof dower doofste
Die dowe man.

Die maklikste reël by adjektiewe verandering is die volgende:

As 'n adjektief op 'n **-lik** eindig, sit jy net 'n **-e** agterna.
Byvoorbeeld: Die man is lelik → Die lelike man
Die vrou is lieflik → Die lieflike vrou



Nie alle adjektiewe kry 'n "e-klank" agteraan nie:
Die (mooi/mooie) meisie..... → Beide kan werk, maar daar is 'n betekenis verskil.
Die (skoon/skone) huis ... → Beide kan werk, maar daar is 'n betekenis verskil.

ONTHOU: Nie alle adjektiewe kry sommer net 'n "e" agteraan nie. Jy moet slim dink om dit reg te verander.

Kom ons oefen:

Neem die volgende predikatiewe adjektiewe en skryf dit oor in sinne waar die adjektief optree as 'n attributiewe adjektief. Verander soos nodig:

Byvoorbeeld:

Predikatiewe adjektief: Die see is rof.

Attributiewe adjektief: Die rowwe bokser maak sy opponent seer.

Plaaslik; goed; dood; soet; suur; kwaad; lelik; hoog;
amuseer; suspisie; fiktief; pessimis; analise; aangenaam;
patriarg; matriarg; ongewoon; loom; grof; rof.